AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*

## JOERNALISTIEK

PAARL

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 ŉ voltydse pos op die Paarl-kampus beskikbaar vir ŉ **dosent in Joernalistiek** in die Departement Tale en Kultuurwetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe.

## POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering, asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hooggeag. ŉ Dosent streef na verdieping in klasaanbiedings en om as leier in ŉ vakgebied erken te word.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van moduleinhoud
- navorsing ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- bestuur van assesseringsaktiwiteite
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- ŉ honneurs- of meestersgraad in Joernalistiek of ŉ verwante veld
- ervaring in die mediabedryf
- onderrigervaring sal in die kandidaat se guns tel

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou
- ŉ liefde vir Afrikaans

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 4 September 2026 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.